3.1.2. STEGGIES:

Hierdie is 'n moeilike proses want die steggies vrot maklik as gevolg van die hoë voggehalte daarin. Dit moet dehalwe liewer bo-op die grond op klippies gestut word en die grond moet net klam gehou word. Sou 'n steggie tog vrot, sny dit af tot in die gesonde weefsel en laat dit droog word. Begin dan weer voor. Dit help om die rou plek met "Blue Death" te smeer voor dit op die grond op klippies neergesit word.

3.2. GEE NOU VET:

Sodra die pit ontkiem of die steggie gevat het, moet dit in 'n groot houer in grond met baie sand en kompos geplant word. Goeie dreinering van water is van kardinale belang en daarom moet die grond baie sanderig wees. Laat die plantjie oorwinter in die houer.

3.2.1. GRONDMENGSEL:

Die grondmengsel wat vir die groeiende Kremetart gebruik moet word bestaan uit:
3 dele kompos
2 dele sand
1 deel leemgrond
beenmeel
superfosfaat

3.2.2 SONLIG:

Kremetarte verkies 100% sonlig van Oktober tot April. Dit kwyn onder 'n skadudoek.

3.2.3. WATER:

Geen water moet hoegenaaamd in die dornanate periode in die wintermaande gegee word nie. Dit sal die Kremetart laat vrot word en vrek. Die Kremetart Bonsai moet dus van die onverwagte reënbui in die winter beskerm word en liewer binneshuis gehou word.

Nadat die boom oorgeplant is mag dit vir twee weke ook geen water kry nie. Sodra die boom begin bot kan dit geleidelik water begin kry en as die boom vol uitgeloop is kan dit dieselfde hoeveelheid water as ander bome hanteer.

3.3. OORPLANTING:

Teen die einde van Augustus, wanneer die winter verby is, word die Kremetart uit die groeipot gehaal en die wortels gesnoei. Op hierdie stadium het daar nog geen blare gevorm nie. Elke Kremetartboom maak 'n paar wortelknolle, of patats, wat weggesnoei moet word om dit in 'n Bonsaipot te kan plant. Die hoeveelheid wortels wat weggesnoei word, word bepaal deur die pot waarin dit geplant gaan word. Smeer "Blue Death" aan die rou plekke en plant die wortelgesnoeide boom in droë grond. In koue, nat gebiede kan dit ook teen fungi behandel word.

Die oorgeplante Kremetart moet nou in die son staan maar mag geen reën of water kry nie. Maak 'n plastiekdakkie om die boom te beskerm. Dit is egter belangrik dat die boom nie in die plastiek toegewikkel word nie. Dit sal die boom laat vrot.